

# Omgeekinders

Bid | Leer | Lief | Leef

## Welkom by die afskop van 'n nuwe kwartaal!

Van Pinkster tot Jeugdag en alles tussen in.

Dis 'n kort kwartaal hierdie, voor jy jou oë uitvee is dit die groot wintervakansie. Dis egter propvol belangrike datums soos Vryheidsdag, Hemelvaart, Moedersdag, Pinkster, Vadersdag en Jeugdag.

'n Langnaweek hoef nie 'n verskoning te wees om nie God se wonderlike reis met elkeen van ons te vier nie. So of dit nou 'n kuier by ouma op Moedersdag of 'n wegbreeknaweek saam met die gesin is, daar is baie geleenthede in die kwartaal wat kom om Jesus se storie saam jou gesin te ontdek.



Ons nooi jou as ouer uit om hierdie kwartaal met 3 ritmes te eksperimenteer:

**Eet doelbewus saam met jou kind.** Vier belangrike datums behoorlik.

Vertel die stories van God se werke in jou lewe vir jou kind.

13

MEI

Pinkster begin

20

MEI

Pinksterfees

27

MEI

Jeugediens



### Eet saam.

Maak 'n afspraak van NB prioriteit waar julle gesin saam aan tafel eet. Selfone af!



### Vier fees.

Steek 'n kers aan en maak 'n oomblik van die belangrike datums in hierdie kwartaal.



### Vertel stories.

Daar is groekrag in stories. Van Bybel tot Familiestories, vertel dit vir mekaar!

## Deel van 'n groot familie

Die dae van 'n aparte jeugbediening is verby.

Daar was 'n tydperk in die breë kerk se storie dat dominees en gemeentes gedink het dat die beste manier om kinders en jongmense te bereik was om hulle eenkant van die ander grootmense in die gemeente te “bedien”. Sulke jeugbedieninge was dan gekenmerk deur aktiwiteite wat selde vatplek in die res van die gemeente kon kry. Alhoewel enige jeugbediening vandag steeds 'n alternatiewe “flavour” het, is die tendens nou om hierdie bediening beter te integreer met die groter storie van die gemeente. Dus, nie doer eenkant apart nie, maar eerder deel van, in die middel, sentraal en dikwels die fokuspunt.

## “Kinders moet gesien en gehoor word.”

In die maande wat kom gaan ons gereeld ruimtes skep vir 'n jonger generasie om deel van die gemeente se gewone Sondagritmes te wees. Ons uitdaging as gemeente is om binne ons



klassieke, tradisionele identiteit 'n nuwe verbeelding te ontwikkel waarin jong kinders en tieners tuis voel. Om dit te doen gaan ons die volgende paar dinge in die komende maande probeer:

- Ons wil meer gereeld jeugkore en musikale bydraes van kinders tydens die erediens sien.
- Ons wil die stemme van kinders hoor in die voorlesing van die oggendtekste. Ons wil 'n atmosfeer skep waarin oud en jonk 'n plek het.
- Ons gaan meer jeugvriendelike-musiek deel van die liturgie maak.
- Ons beplan 'n spesiale gesinserediens in die saal sodra die winter verby is.

## WAT VAN KOFFIE NA KERK?

Ek en Mareli wil graag by elke huisgesin met jong kinders en tieners uitkom. Indien jy 'n behoefte het om saam met ons te kuier en ons beter te leer ken, kom ons maak 'n afspraak vir koffie op 'n Sondag na kerk. My e-pos adres is denaaktepriester@gmail.com en my kontaknommer is 082 293 1595. Voel ook vry om my vir enige jeug of familiesaak te kontak.

Mooi loop.

Fourie

